Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2016

GESKIEDENIS V2

PUNTE: **150**

TYD: **3 uur**

IHISTA2

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

   VRAAG 1: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – AFRIKA-NASIONALISME

   VRAAG 2: NASIONALISME IN DIE MIDDE-OOSTE

   VRAAG 3: APARTHEID SUID-AFRIKA – 1940's tot 1960's

   AFDELING B: OPSTELVRAE

   VRAAG 4: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – AFRIKA-NASIONALISME

   VRAAG 5: NASIONALISME IN AFRIKA – GHANA

   VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA – 1940's tot 1960's

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om brongebaseerde vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN (1) moet 'n brongebaseerde vraag wees, en ten minste EEN (1) moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan 'n brongebaseerde vraag of 'n opstelvraag wees.

5. Leerders word aangeraai om nagenoeg 'n uur op elke vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van vrae moet kandidate hul kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal tot nadeel van kandidate wees.

8. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer word met behulp van dieselfde nommeringstelsel as in die vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag maar nie meer as TWEE vrae vanuit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om die vrae te beantwoord is in die ADDENDUM vervat.

VRAAG 1: WATTER FAKTORE HET TOT DIE GROEI VAN AFRIKA-NASIONALISME IN SUID-AFRIKA BYGEDRA?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D om die volgende vrae te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Definieer die begrip *Pan-Afrikanisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Deur gebruik te maak van die bron, brei uit oor die benadering wat Pan-Afrikanisme as 'n beweging die beste beskryf. (1 x 2) (2)

1.1.3 Waarom, dink jy word Pan-Afrikanisme oor die algemeen as 'n 20ste-eeuse beweging beskou? (2 x 2) (4)

1.1.4 Volgens die bron, wat is die Eurosentriese verduideliking van Pan-Afrikanisme? (1 x 2) (2)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Volgens die tabel, watter groep toon die grootste toename van industriële werkers vir die tydperk 1938–1945? (1 x 2) (2)

1.2.2 Gebruik die inligting in die tabel en jou eie kennis om te verduidelik waarom daar 'n groei van industriële werkers ná 1938 was. (2 x 2) (4)

1.2.3 Volgens die tabel, wat is die toename in swart mans in die tydperk 1938–1945? (1 x 2) (2)

1.2.4 Verduidelik die impak van Swart verstedeliking op die apartheidsbeleid. (2 x 2) (4)

1.3 Lees Bron 1C.

1.3.1 Was die busboikot goed ondersteun?
Gebruik visuele leidrade uit die bron om jou antwoord te staaf. (Enige 2 x 1) (2)

1.3.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom die mense van Alexandrië met 'n busboikot begin het. (Enige 2 x 2) (4)

1.3.3 Verduidelik hoe die busboikot 'n politieke stryd teen apartheid geword het. (2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1.3.4 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die busboikotte opgelos was. (2 x 2) (4)

1.3.5 Noem EEN van die moontlike alternatiewe vervoermiddele wat die betogers kon gebruik om by hul werk uit te kom. (Enige 1 x 2) (2)

1.3.6 Watter bewyse is daar in die bron wat daarop aandui dat die boikotte vreedsame gebeurtenisse was? (1 x 2) (2)

1.4. Hoe ondersteun die Eurosentriese verduideliking van Pan-Afrikanisme (Bron 1A), die bewyse in Bron 1C met betrekking tot Afrika-nasionalisme? (2 x 2) (4)

1.5 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (80 woorde) waarin jy die faktore wat bygedra het tot die groei van Afrika-nasionalisme in Suid-Afrika, tussen die jare 1930–1940 verduidelik. (6)

[50]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2: WAT WAS DIE PERSPEKTIEWE VAN MIDDE-OOSTERSE LEIERS OOR DIE VLUGTELING-PROBLEEM IN DIE MIDDE-OOSTE?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D om die volgende vrae te beantwoord.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Na watter land verwys Anwar Sadat wanneer hy sê: "Jy beset Arabiese land met militêre mag"? (1 x 1) (1)

2.1.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die Palestynse vlugteling-probleem ontstaan het. (2 x 2) (4)

2.1.3 Waarom, dink jy is Anwar Sadat negatief oor blywende en duursame vrede? (2 x 2) (4)

2.2 Verwys na Bron 2B.

2.2.1 Watter posisie het Yitshak Rabin in die parlement van Israel beklee? (1 x 2) (2)

2.2.2 Volgens die bron, wat was betekenisvol oor Rabin se opmerkings van die Israeli-Palestynse Verklaring van Beginsels? (1 x 2) (2)

2.2.3 Wat word bedoel met die stelling in die bron: "Ons is bestem om saam te leef op dieselfde grond, in dieselfde land."? (1 x 2) (2)

2.2.4 Gebruik die bron en jou eie kennis om die betekenis van die finale verklaring, 'Vaarwel aan wapens' te verduidelik'. (1 x 2) (2)

2.2.5 Hoe verskil Bron 2A vanaf Bron 2B met betrekking tot die vlugteling-probleem? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer Bron 2C.

2.3.1 Wat verstaan jy met die term '*vlugteling*'? Gebruik jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.3.2 Noem die twee lande wat by die vlugteling-probleem betrokke was. (2 x 1) (2)

2.3.3 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom die Jode wou hê dat die Palestyne hul eie vlugteling-probleme moes oplos. (2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2.4 Verwys na Bron 2D.

2.4.1 Volgens die visuele bron, identifiseer enige TWEE kenmerke wat die swaarkry wat die vlugtelinge moes verduur aandui. (2 x 1) (2)

2.4.2 Waarom, volgens die visuele bron, het die Palestyne vanaf hul huise gevlug? (1 x 1) (1)

2.4.3 Volgens Sachar, waarom dink jy wou die Arabiese regering hê dat die vlugtelinge net daar moes bly? (1 x 2) (2)

2.4.4 Deur gebruik te maak van die bron, lewer kommentaar op die toepaslikheid van die verklaring: "*Vir goeie militêre redes, wou hulle duidelike lyne van kommunikasie agter die lyne hê.*" (2 x 2) (4)

2.4.5 Lewer kommentaar op Sachar se verklaring dat: "Dit is 'n mite om te aanvaar dat hierdie mense vrywillig gevlug het." (2 x 2) (4)

2.4.6 Gebruik die bron en jou eie kennis om die impak van die oorlog tussen die Jode en Palestyne op die vlugtelinge te verduidelik. (1 x 2) (2)

2.5 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (80 woorde) waarin jy verduidelik of die Palestyne 'n reg gehad het om terug te keer na hul vaderland volgens die verskillende perspektiewe op die Palestynse vlugtelinge in die Midde-Ooste. (6)

[50]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 3: WAT WAS DIE OORSAKE EN IMPAK VAN DIE BANTOE ONDERWYSWET VAN 1953 OP SWART STUDENTE?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat Swartes vir hul opvoeding moes betaal. (1 x 1) (1)

3.1.2 Gebruik die inligting in die bron om die voorsienings wat die Bantoe Onderwyswet gemaak het te verduidelik. (2 x 2) (4)

3.1.3 Deur gebruik te maak van die bron, lewer kommentaar op die verklaring: *"Dit het 'n eenvormige kurrikulum ingestel wat aparte Bantoe kultuur beklemtoon het."* (1 x 2) (2)

3.1.4 Waarom, dink jy, was Swart skoolopleiding nie vry of verpligtend nie? (2 x 2) (4)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

3.2.1 Identifiseer die groep wat die meeste voordeel uit die regerings-besteding op onderwys getrek het. (1 x 1) (1)

3.2.2 Volgens die tabel in die bron, wat is die verskil in die bedrae in Rande bestee tussen swart en wit onderwys in 1975/76? (1 x 2) (2)

3.2.3 Gebruik die inligting in die bron om te verduidelik waarom meer geld op blanke kinders as enige ander rassegroep bestee was. (2 x 2) (4)

3.2.4 Wat, dink jy, was die redes waarom die regering meer geld op Indiese en Kleurling onderwys as Swart onderwys gespandeer het? (2 x 2) (4)

3.3 Lees Bron 3C.

3.3.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik wie die sending-stelsel van onderwys beheer het. (1 x 2) (2)

3.3.2 Waarom, volgens die bron, was besteding aan Bantoe onderwys in die laat 1960's verhoog? (1 x 2) (2)

3.3.3 Identifiseer VIER faktore wat toon dat Swart onderwys agteruit gegaan het. (4 x 1) (4)

3.4 Hoe ondersteun Bron 3B vir Bron 3C met betrekking tot die gehalte van onderwys wat aan swart leerders gebied was? (2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

3.5 Raadpleeg Bron 3D.

3.5.1 Waarom volgens die bron, was die kinders uit die skool geskors? (1 x 2) (2)

3.5.2 Wat, volgens die bron, word bedoel met die stelling: "n Halwe brood is beter as niks"? (1 x 2) (2)

3.5.3 Wat beeld die foto uit oor die houding van die kinders teenoor Bantoe-onderwys? (2 x 2) (4)

3.5.4 Wat, volgens die bron, was die rol van die ANC in hul ondersteuning van die ouers en kinders? (1 x 2) (2)

3.6 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (80 woorde) waarin jy die impak van Bantoe-onderwys op Swart kinders in Suid-Afrika verduidelik. (6)

[50]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 4: AFRIKANER NASIONALISME

VRAAG 4.1
Gee ŉ kritiese evaluering van die verskillende faktore wat tot die opkoms van Afrikaner-nasionalisme vanaf 1930–1948 bygedra het.
Gebruik relevante historiese voorbeelde om jou gedagtegang te ondersteun. **[50]**

OF

VRAAG 4.2
"Die aantrekkingskrag van Afrikaner-nasionalisme het duidelik in die entoesiastiese vieringe van die eeufees van die Groot Trek geword."
Gee ŉ kritiese evaluering van die stelling deur te verwys na die gebruik van sosiale en kulturele bewegings asook ekonomiese programme om die gees van die Afrikaner-nasionalisme te bou. **[50]**

VRAAG 5: NASIONALISME IN AFRIKA

VRAAG 5.1
"Die feit dat Ghana onderontwikkeld gebly het kan op hul voormalige koloniale meesters geblameer word."
Evalueer hierdie stelling deur te verwys na die rol wat Kwame Nkrumah in die verandering van Ghana as onderontwikkeld land gedurende koloniale tye gespeel het. **[50]**

OF

VRAAG 5.2
"Swart nasionalistiese idees was gebruik om Ghana te bevry."
In die lig van die bogenoemde stelling, bepaal hoe nasionalistiese leiers soos Garvey, Du Bois en Padmore ŉ impak op Nkrumah en die verwesenliking van onafhanklikheid in 1957 gehad het. **[50]**

VRAAG 6: WEERSTAND IN SUID-AFRIKA – 1940 TOT 1960

VRAAG 6.1
"Die 1950's kan as ŉ dekade van verset beskryf word."
Verduidelik tot watter mate hierdie stelling akkuraat is deur die belangrike gebeurtenisse van weerstand teen die beleid van apartheid in die 1950's te ondersoek. **[50]**

OF

VRAAG 6.2
"Swart leiers het besef dat nie-gewelddadige (vreedsame) taktieke nie genoeg was om ŉ impak op veranderinge in Suid-Afrika te maak nie."
Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord deur na die weerstand-strategieë van die ANC en sy bondgenote teen apartheid na 1960 te verwys. **[50]**

TOTAAL: 150

Kopiereg voorgehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore